**Vrydag 11 Augustus 2023**
**Skrifgedeelte: Psalm 66:1-20**
**Fokusgedeelte: Psalm 66:4, 16, 17 (AFR83)**
**My liggaam en aanbidding**

Deur die Heilige Gees wat in ons woon, moet ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir alles wat Jesus vir ons gedoen het (HK v/a 86). Dankbaarheid moet veral gewys word en ons doen dit met ons hele lewe, siel en liggaam. Ons gaan veral fokus op hoe ons ons dankbaarheid deur ons liggaam soos ’n dankoffer aan God gee.

’n Rekenaar kan indrukwekkende dinge doen, maar dit het ’n groot swakheid in dié sin dat dit geen lewe of emosie kan toon nie. Selfs al kan ’n robot maak of hy lewe of emosies toon, word dit nog steeds kunsmatige lewe genoem – so koud en meganies. God het die mens geskep om regtig te kan lewe en Hy het die mens toegerus om met Hom te kan kommunikeer.

Hoe wonderlik het God ons as mens liggaamlik toegerus om Hom te kan aanbid. In die Psalm wat ons gelees het, lees ons van ’n verstand en ’n mond wat kan juig en sing, wat kan vertel en bely. Ons lees van ’n digter wat ver na God se tempel kon loop en met sy hele liggaam was hy daarby betrokke om vir God te offer en voor Hom neer te buig. So kan ek elke dag vir God my dankbaarheid wys: met ’n hart wat verlang en vol liefde is; met ’n mond wat lag en jubel; met ’n gesig wat soms bly is, soms trane wys en soms van skaamte bloos; met ore wat kan luister; met ’n brein wat kan dink en peins en wonder; met bene wat kan opspring; en met hande wat ek biddend na God kan uitsteek (Ps. 63:5).

*Sing: Psalm 66-1:1, 6*

*Dr. SJ van der Walt (Kobus) (emeritus)*